



KONTIKI

PREPRIMÊR

Posbus 28076 Danhof 9310 • Genl Hertzogstraat 100 Dan Pienaar Bloemfontein
051 436 3370 • kontikipps@telkomsa.net • www.kontiki.co.za •  Visit us on Facebook

RIGLYNE VIR BETALING VAN SKOOLGELDE

Rekeningstate word per epos uitgestuur. Dus moet u inligting asb. korrek wees.

Skoolfooie

1. Skoolfooie kan per internet oorbetal of direk by die bank inbetaal word.
2. Betalings moet gedoen word voor die **7de** van elke maand en is **vooruitbetaalbaar**.
3. Gebruik altyd u kleuter se rekeningnommer as verwysing.
4. Op die 20ste van elke maand sal daar statuslyste in die voorportaal aangebring word. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om veranderings op hierdie lyste aan te bring. Indien veranderinge in u kleuter se status nie hierop aangedui is nie sal die rekeningstaat onveranderd bly.
5. Ons vra dat daar **geen gelde** by die sekretaresse inbetaal word nie, nie eers tjeks nie. Dit is vir u kleuters se veiligheid dat daar geen gelde op die perseel is nie.
6. Wanneer daar 3 kinders tegelykertyd in die skool is, betaal die eerste 2 volprys en die 3de kleuter 50 % van die fooi.
7. Indien u skoolgelde vir **een maand agterstallig is, sal daar 7 dae kennis per skrywe geskied. As u skoolgelde 1 maande agterstallig is, word die rekening aan skuldinvorderaars oorhandig en na 2 maand sal u kind die skool verbied word.**
8. As u skoolgelde teen die 7de Oktober enigsins agterstallig is, sal u moet heraanzoek doen vir toelating tot die skool vir die volgende jaar. Die besluit berus dan ook by die beheerliggaam of u weer 'n plek toegestaan gaan word of nie. Kleuters wie se skoolgeld op datum is sal outomaties aanbeweeg na die volgende klas. Heraansoekvorme moet wel ingevul word, sodat die skool die nodige administratiewe veranderings kan aanbring.
9. Bankrekening vir Skoolfooie, Intreefooi en Middagetes:
ABSA Tjekrekening 405 895 9196 Takkode: 632005

Ander gelde

1. Uitstappiegeld is by die skoolfooie ingesluit.
2. Eenmalige projekte, soos t-hemde, valentynsgeskenke, ens word voor by die fondsinsamelingrekening inbetaal in. Die bewys van oorbetalings moet by die Sekretaresse ingehandig word, tesame met 'n deeglike uiteensetting van waarvoor die gelde betaal is.
3. Enige donasies, skenkings of fotogelde word ook by die bank inbetaal of met die internet oorbetal. Weereens moet die bewys met uiteensetting by die Sekretaresse ingehandig word.
4. Bankrekening vir projekte:
ABSA Spaarrekening 930 335 4470 Takkode: 632005

ONS HERRINNER U WEEREENS DAARAAN DAT U U KIND SE REKENINGNOMMER AS VERWYSING GEBRUIK MOET WORD AS U ENIGE INBETALINGS BY DIE BANK OF PER INTERNET DOEN. BEWYS VAN BETALING MOET DAN BY DIE ONTVANGS INGEDIEN WORD PLUS 'N DEEGLIKE UITEENSETTING VAN FONDSE WAT INBETAAL IS.